DEEL 114 | WEEK 14 | 8 APRIL 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRON WORD BETER




*Foto erkenning: André Pretorius Fotografie*





## *Gemeenskap vat hande*

*Op die foto bo: Janke Pretorius, Jané Jansen van Rensburg, Alta Pretorius (AfriForum distrikskoördineerder), Alden Peach en Bart Steijn.*

Die AfriForum-tak in Heilbron het op 4 April met 'n skoonmaakprojek in Langmarkstraat in die dorp begin. Ongeag die reën en gure weer het daar heelwat gemeenskapslede en leerders van die plaaslike skool opgedaag om 'n verskil in hul dorp te maak. Die hoof van die gevangenis, Zacharia Moholo, was ook daar met 'n span gevangenes wat hard gewerk het. Die gemeenskap het toerusting geskenk of geleen sodat die gras gesny en die vullis opgetel kon word. Alhoewel die projek nog nie voltooi is nie, maak dit reeds 'n reuse verskil.

"Net ons kan iets aan die dorp se agteruitgang doen. Geen ouer kan toesien dat sy kinders so grootword en die gehawende omstandighede van die dorp as normaal beskou nie," sê Gerrie Muller, voorsitter van die Heilbron-tak.

"Dankie vir elkeen se bydrae tot die insiatief, veral die borge. Heilbron kan en sal 'n beter plek word!" Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, was dit heerlik om te sien hoe die gemeenskap hande vat om hul geliefde dorp weer na iets te laat lyk - nie eens die reën kon hulle stuit nie.

"Alhoewel die projek nog baie ver van klaar is, maak dit reeds 'n merkbare verskil. Dit was veral bemoedigend dat daar soveel kinders was wat ook nou al vroeg tot die besef kom dat ons self moet doen as ons iets gedoen wil hê," sluit Pretorius af.

Die gemeenskap word aangemoedig om by dié AfriForum-tak betrokke te raak om sodoende 'n daadwerklike verskil te maak: SMS "Heilbron" na 45344 (R1).

>>BLADSY 2


### OU TUCKERS HOTEL BRAND

Historiese gebou gedeeltelik in brand beskadig. Winkeleienaars lei groot skade.

>>BLADSY 3

### OUMA SE BOEK VIR KLEINSEUN

Droom realiseer en eerste "Agie" storieboek kry vlerke.


SHARE PLATES OR STARTERS

LOCAL LAMB TAILS - 3 Locally sourced lamb tails, slow cooked then deep fried. Served with a BBQ vinegar.

JALAPENO POPPERS (3) - Stuffed with cream cheese, cheddar and mozzarella. Served with freshly charred corn salsa and avocado cream dip.

OJ'S ULTIMATE ONION PLATTER - Crispy fried onion flower, onion rings two ways with lime mayo & sweet chilli sauce.

LOADED FRIES - Hand-cut potato fries loaded with cheese sauce, bacon bits, cheddar and mozzarella mix, crispy fried onion rings and spring onion.

CRUMED MUSHROOM HALOUMI SKEWER Classic crumbed mushrooms and halloumi served with ranch dip and sweet chilli.

PULLED PORK TACOS - Two soft shell tacos with pulled pork, pineapple, lime mayo, pickles and charred corn salsa - jalapeno and cheese on the side.

TRADING HOURS

MON-TUE - CLOSED • WED-THUR - 10:00-21:00 • FRI-SAT - 10:00-22:00 • SUN - 10:00-17:00

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

*Donderdae – Royal Auction Centre*

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB

www.bkb.co.za



# KONSEP BEGROTING NOU NA PUBLIEK

Ngwathe se munisipale belasting sal styg met 4.8% (onderhewig aan 'n 10% afslag op sakepersele) en munisipale dienstariewe (soos water, riool, en afval) met 6.0%, behalwe elektrisiteit wat as gevolg van volgehoue Eskom-verhogings, sal styg met 12.8% (mits dit so deur Nersa, die reguleerder van elektrisiteitspryse, goedgekeur word).

Sô het Ngwathe se nuwe burgemeester, Me Victoria de Beer, verlede Donderdag gesê. Sy het haar eerste begrotings-voorstelle aan die raad voorgelê. Dis eenparig goedgekeur vir openbare bespreking en raadpleging gedurende vandeesmaand.

Die begrotingsvoorstelle voorsien totale bedryfsuitgawes oor die jaar heen van R937 miljoen, en net meer as R135 m in kapitaalbesteding (dit wil sê uitgawes op vaste oftewel kapitale bates). Met beplande uitgawes van een miljard rand, laat dit 'n baie groot bedryfstekort van R63m.

Die burgemeester het gesê Ngwathe se groot geldprobleme word vererger deur die swak ekonomie as gevolg van Covid, wat dit bemoeilik om inkomste in te vorder. "Ons agterstallige Eskomskuld bly steeds 'n kopseer, maar ons werk hard om die elektrisiteitsverlies om te keer."

DA-raadslede het gesê dat hulle meer besteding aan infrastruktuur (soos strate, kragdrade, waterpype en -suiwering) wou sien, maar dat Ngwathe reeds te min geld vir al sy lopende uitgawes het.

DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, Ngwathe se DA-segsman oor munisipale finansies, het opnuut voorgestel dat die raad daarom sy bestaande finansiële komitee opdra om dringend te fokus op kostebesparings sonder om diensgehalte te verswak. "Ons moet uitvind hoe om meer gedoen te kry met eweveel geld, deur vrugtelose en onproduktiewe uitgawes asook korrupsie hok te slaan." Hy het gesê die komitee is reeds verlede jaar ook gevra vir voorstelle oor hoe om 'n inkomste te verdien uit Ngwathe se talle onbenutte bates, soos Heilbron se ontspanningsoord, die Mimosatuin in Parys, en verhuurbare behuising en persele wat die munisipaliteit oral besit. "Ons moet kenners vra vir insette, en veral ons sakelui," het Schoonwinkel bygevoeg.

Rdl Phillip van der Merwe (Vryheidsfront Plus) het gesê die begrotingvoorstelle benodig wysigings, onder meer omdat die begrotingbeleidsdokumente steeds plek-plek die nuwe tariefstruktuur weerspreek. Tariewe moet ook vereenvoudig word. Hy het tevore reeds gekla dat riooltariewe byvoorbeeld vier soorte besigheids-verbruikers vermeld, maar vir elektrisiteit bestaan daar slegs twee kategorieë. "Ons moet dit dringend regstel." Dit is só aanvaar. Hy het ook gemaan dat daar nie soveel op die Eskomskuld gekonsentreer moet word dat betaling van ander krediteure agterweë bly nie.

Wetgewing verplig munisipaliteite om alle krediteure binne 30 dae te betaal.

Die volledige begrotingsvoorstelle is nou op Ngwathe se munisipale webtuiste, en is ook vir insae beskikbaar by alle munisipale kantore en openbare biblioteke.

Inwoners sal ingelig word oor die plek en tye van openbare besprekings. Hulle sal vrae kan vra, en wysigings voorstel.

# DIT KON GROOT SKADE VEROORSAAK HET


Foto met vergunning van LTV Droning: Tel: 079 567 6695, Epos: dian@ltvtech.co.za

Een van Heilbron se geskiedkundige geboue is baie beskadig in 'n brand wat Maandag omstreeks 13:00 uitgebreek het in een van die woonstelle aan die agterkant van die gebou.

Na wat verneem word was die oorsaak van die brand 'n tweeplaatstoof wat nooit afgeskakel was nie. Buitelanders wie kamers aan die agterkant van die gebou gehuur het, se besittings is alles in die brand verwoes.

Heilbron se vuur- en reddingsbakkie was vinnig op die toneel maar met net 'n bakkie-spuit kon hulle nie die vlamme beheer nie. Die Brandweer van Frankfort het na 'n uur opgedaag om hulp te verleen. Lede van publiek het ook ingespring om Dawid Rossouw, Stasie-Offisier vir brandweer op Heilbron te help. Winkeleienaars het geskarrel om voorraad uit winkels te dra in 'n poging om hulle verliese te beperk. Los reënbuie het ook gehelp dat die dakplate afkoel en die vuur wat in die plafon brand nie so vinnig versprei nie. Omstreeks drie uur het die brandweerwa van Sasolburg ook hulpbystand kom gee. Die vlamme was teen die tyd onder beheer en het die twee brandweerwaens gekeer dat die vuur nie versprei na die aangrensende winkels toe nie.

Die hotel is reeds jare lank nie meer in bedryf nie. Die eienaar het die hotel op straatfront, omskep in klein winkeltjies wat deur die buitelanders gehuur was. Dié winkels het ook erg deurgeloop met rook wat groot skade aangerig het. Omstanders by die brand toneel het onderlangs gemor dat die oorsaak moontlike onwettige elektriese koppelings is.

# SAAMSING-OGGEND BY HUPPEL TRIPPEL-KLUB

## *Dagboek solank 19 April 2022*



'n Hele paar lede kon die heerlike saamsing-kuier weens onvermydelike omstandighede nie bywoon nie. Maar 24 stemme het met oorgawe gesing - van FAK- tot Halleluja-liedjies. Soos altyd, was Martie Olivier die begeleier. Die kuier is afgesluit met 'n heerlike koppie tee met 'n soetigheidjie in die piering.

Op 19 April kom 'n fisioterapeut oefeninge aanbied wat die lede in hulle stoele kan sit en doen. Dit is 'n nuutjie waarna almal uitsien en wat hopelik 'n instelling sal word. Dit sal 'n eerste prys wees as dit buite gedoen kan word maar die weer sal die laaste sê hieroor hê.

Die hoofdoel van die Huppel Trippel Klub is om in 'n ontspanne atmosfeer stimulasie te verskaf op fisiese, intellektuele en geestelike gebied.

Uiteraard is die sosiale saamkuier 'n teenvoeter teen eensaamheid. Hopelik het Covid nou sy lê gekry en kan die klub twee-weekliks voortgaan met sy aktiwiteite.

# OPGEDRA AAN MY KLEINSEUN

Gebore en getoë in die klein Vrystaat plattelandse dorpie Heilbron. Dis Jeannette Botha.

Jeannette vertel dat sy familie-bande het met verskeie van die distrik se mense en inwoners van die dorp. Sy is egter bekend vir haar jarelange diens by Heilbron Herald waar sy as grafiese ontwerper by die koerant begin werk het vanaf 1997 – 2016.

"Heilbron Herald het my uit die staanspoor welkom laat voel, my opgelei en bemagtig en vir my 'n positiewe werksomgewing geskep waarin ek my take met entoesiasme kon verrig en myself in my werk kon uitleef. My kollegas was vir my soos eie familie."

Jeannette onthou die vele jaarblaaie en -boeke vir verskeie skole en kerke, veilingspamflette, net te veel om op te noem. Sy onthou goed hoe sy die beeste mooigemaak het deur bosluise en mis te verwyder tydens die wysigingsproses met haar rekenaarprogram vir die opstel van veilingspamflette.

Januarie 2017 trek Jeannette haar "entrepreneur-skoene" aan en open die deure van die splinternuwe skryfbehoeftewinkel, SO CUTE.

Gedurende die tydperk verloor sy haar man op 'n tragiese wyse waarna sy dan besluit om die besigheid te verkoop en tree Augustus 2020 af.

Sy het egter nie stilgesit sedert haar aftrede nie en was steeds deeltyds betrokke by SO CUTE met grafiese ontwerp-take.

Intussen besluit Jeannette en haar boesemvriendin om elk 'n kinderstorieboekie te skryf en illustreer. Haar besluit was geneem tydens die geboorte van haar kleinseun as 'n nalatenskap vir hom. Die storieboek "Agie" het uiteindelik, na baie ure se droom, dink en doen die lig gesien. Sy is baie dankbaar vir die ondersteuning en aanmoediging van haar kinders en vriende. Dit was uit en uit 'n liefdestaak, opgedra aan die klein 3-maande oue Pieter Britz wie dan ook binnekort sy ouma Jeannette vanuit Oostenryk vir die eerste keer gaan ontmoet. Dis te verstane dat Ouma letterlik die slapies aftel tot dan!

Jeannette beplan om haarself later vanjaar in Pretoria te vestig en sien baie uit na die nuwe avontuur.

Sy droom ook met passie van 'n tweede kinderstorieboekie uit die hart en sê: "Ek sal skryf en illustreer vir solank as moontlik want ek is mal oor kinders!"

Jeannette Botha se woorde ter afsluiting – "Ek gee alle eer aan die Here!"



*Jeannette Botha*




*Agie, 'n klein nuuskierige apie besluit om die bos te gaan verken. Hy ontmoet baie interessante en gevaarlike diere. Maar hy verdwaal in die bos. Gaan hy ooit weer sy mamma sien?*


BONUS HARDWARE
D.I.Y. • BUILDING • INDUSTRIAL

**VAKANTE BETREKKING**

**Bonus Hardeware het 'n pos beskikbaar vir 'n kassier.**

Die posbekleër is hoofsaaklik verantwoordelik vir die hantering van transaksies, ontvangs van betalings, afsluiting en balansering van kontant, bevordering van klanteverhoudings, hulpverlening met voorraadopnames en ander administratiewe take in die winkel.

Die geskikte kandidaat moet eerlik, hardwerkend, rekenaarvaardig en goed met mense kan werk.

Aansoeke kan by Monette afgegee word by Bonus Hardeware, Breëstraat 31, Heilbron of gepos word na bonushardware@skysat.co.za
**Die sluitingsdatum vir aansoeke is 16 April 2022.**

058 853 0169 • 072 287 4111
BREËSTRAAT 31 | HEILBRON



BKB

Has a vacancy for a

**LIVESTOCK BRANCH MANAGER: FRANKFORT**

For more information and job requirements, follow this link:
https://bkb.simplify.hr/vacancy/opu1cs

**Reference number: LH270**
**Closing date: 11 April 2022**

INTEGRITY
SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP
EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT
www.bkb.co.za



CNC PLASMA SNYWERK

EJ STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

BESKIKBAAR VANAF 4 APRIL 2022
• SAGTESTAAL
SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM
SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR

YOUR BOILERMAKING SOLUTION IN STAINLESS & MILDSTEEL



STAINLESS STEEL

Jaco Swart : 082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za
Martin Swart : 082 389 7961 | martin@ejsm.co.za
Eddie Swart : 082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za

P.O.Box 2 | Small Holdings No. 5 | Highlands | Heilbron,9650

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | | | | 2 | | 4 | 8 | |
| 2 | | 6 | | | 8 | | | 5 |
| 5 | | | 9 | | | | | |
| | | | 1 | 5 | | | | |
| | 2 | | | | | | 6 | |
| | | | | 6 | 7 | | | |
| | | | | | 6 | | | 3 |
| 6 | | | 5 | | | 1 | | 4 |
| | 9 | 3 | | 4 | | | | 7 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | | | 7 | | | | |
| 6 | | | 1 | 9 | 5 | | | |
| | 9 | 8 | | | | | 6 | |
| 8 | | | | 6 | | | | 3 |
| 4 | | | 8 | | 3 | | | 1 |
| 7 | | | | 2 | | | | 6 |
| | 6 | | | | | 2 | 8 | |
| | | | 4 | 1 | 9 | | | 5 |
| | | | | 8 | | | 7 | 9 |

SUDUKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.




GiG Technologies

Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

# *Uit die pen:*



# WEEK 14 VAN 2022

Dan was daar daardie Matriekklas wat my grys hare, plooie en baie pret verskaf het. Daar was 14 van hulle in my klas. Hulle het die vermoë gehad om die grootste lawaai in menseheugenis op te skop. Ek skuif hulle twee sitplekke uitmekaar, maar dit is asof hulle al hoe meer lawaai. You can beat them or join them, dink ek toe. So maak ek maar vriende met hulle.

Magdalena se ma word my vriendin. Ek word ingespan as reserwe Wiskunde, Skeinat én Engelse juffrou. My vakkennis op hierdie gebiede is ‘n bietjie vervalle, en ek moet eers ‘n paar oefeninge doen alvorens ek kan help met dié tameletjies. Gaandeweg kom die kennis weer terug.

Een aand bel Magdalena: Groot probleem, groot, massief. Wanneer ons met mekaar gekuier het, het sy my op my naam genoem, maar in die klas was ek as “juffrou” aangespreek.

“Ek moet ‘n Engelse opstel skryf, en die juffrou hou nie van my of van my stories nie. Help my!” Ignoreer nou ‘n pleitende bebrilde, magnetiese treinspoortand gesiggie.

“Kom oor, dan gesels ons oor die opstel.”

Ek ruk gekreukelde bladsye uit my groen lêer en kombineer ‘n paar stories wat lyk of hulle met mekaar verband hou. Magdalena se werk is om dit oor te skryf in Engels, ek redigeer haar vertalingswerk en sy skryf dit netjies in haar Opstelboek oor.

Die volgende dag merk juffrou die Engelse opstelle terwyl sy in die personeelkamer sit. Ek gaan aan met my eie werk, maar kan nie die nuuskierigheid beteuel nie.

“Wat merk jy? Dit lyk of jy baie moet konsentreer.” Ek maak ‘n niksseggende opmerking.

Engelse juffrou skuif haar bril reg.

“Dis die eerste keer dat Magdalena iets skryf wat ek die minimum moet verbeter. En dit is nogal ‘n oulike storie. Ek wonder wie het haar gehelp?”

Ek dink sy wonder nogsteeds.

Magdalena en Elize is maats. Soms is hulle soos die deel van ‘n komedie wat nooit uitgereik is nie. Hulle voer grepe uit “Mr. Bean” op, demonstreer gisteraand se sepie en lees die nuus soos wat hulle dit wil hê.

Sodra ek ‘n les aanbied wat enigsins iets met are te doen het, skaterlag dié twee dames. Geen mens mag alleen oor ‘n grap lag nie, en ek moet uitvind waaroor die giggels gaan.

Elize vertel terwyl sy deur ’n lagbui proes.

“Toe ek in graad 4 was, het Meneer Schnell vir ons Gesondheidsleer gegee. Die persoon wat die vorige jaar my handboek gehad het, het ‘n “h” by een van die terme gevoeg. Vol bravade het ek geleer dat die hart “Holhare” gehad het, in plaas van die oorspronklike “Hol are”.”

Nooit het ek geweet die hart kan jou so laat lag nie.

Magdalena en Elize het ‘n seunsvriend, Gert, gehad. Soos die noodlot dit wou hê, was hy saam met hulle in die Biologieklas. Gert kon spog met ‘n baie, hoe sal mens nou sê? Akademiese sin vir humor. Diep humorsin.

Ons leer van die menslike liggaam, die verskillende hormone wat daar aangetref word en die funksie van elkeen. Ek probeer die leerproses vergemaklik deur verskillende assosiasies te gebruik.

Oksitosien is ‘n hormoon wat deur die hipofiseagterlob afgeskei word. Dit laat, onder andere, die uteruswand saamtrek om die geboorteproses aan die gang te sit. Eenvoudig vir my, want ek leer dit al die afgelope twaalf jaar aan leerders. Maar hoe vereenvoudig jy dit aan iemand wat nog nooit van oksitosien gehoor het nie?

Aangesien Magdalena en kie omtrent elkeen van die flieks gaan kyk wat op by nabygeleë dorp draai, besluit ek om op ‘n sekere fliek te konsentreer. In een toneel skenk die hoofkarakter lewe aan ‘n seun.

(Op daardie noot: dis darem vreeslik dramaties in flieks. Die beste is dat die vroue gewoonlik aan ’n drie-maandeoue baba geboorte skenk. Dit is dalk die rede waarom die toneel só geskiet word. Maar dan skrik die vermaaklikheidsbedryf darem elke liewe potensiële Moeder af om enigsins kinders in die lewe te wil bring.)

Die assosiasie wat ek probeer maak, is dat die dokter gewoonlik sê: “Breathe”. (So asof jy ophou asemhaal sodra jy swanger raak…) Asemhaling het te doen met suurstof. Suurstof is “oxygen” in Engels, en die hormoon is oksitosien. Redelik maklik, dink ek.

Ek verduidelik eers die funksie van die hormoon, en, baie selfversekerd, beloof ek dat hulle verseker sou wees van hulle punte indien hulle hierdie assosiasie gaan onthou. Maar dit is wat ek gedink het.

“Julle het mos daardie fliek gesien, nê?” En ek noem die naam van die fliek. Hulle knik ja, hang aan my lippe. Vir die oomlik geniet ek net die stilte.

“Julle onthou mos dat Mary swanger geraak het en toe moes haar man met haar hospitaal toe jaag.” Die koppe knik weer, en ek kan sweer ek sien die fliek in hulle oë afspeel.

“Nou: Wat sê die dokter in die fliek as die hoofkarakter in kraam gaan?”

Nie ‘n dooie (asemlose) woord nie. Ek por hulle aan om te dink, die kreatiewe deel van die cerebrum te gebruik. Vir diegene wat dit kan doen, natuurlik.

Nog geen opflikkering nie.

Ek voer manewales uit, demonstreer, steeds sonder resultate. Ek herhaal die vraag en maak die toepaslike asemhalingsgeluide.

“Wat sê die dokter in die fliek as die hoofkarakter in kraam gaan?” Ek gaan definitief nie opgee nie.

Uiteindelik besluit Gert om ‘n kans te waag. Hy het ‘n tipiese denker-frons. Hy steek sy hand huiwerig op. My fisikadosent op Universiteit sou gesê het dat Gert ’n gepusseleerde uitdrukking gehad het. Dit was sy vertaling van “a puzzled expression.”

“Juffrou,” se Gert, “die dokter sê: “Open wide”.”

Nou ja. Ek twyfel of hulle enigsins iets van oksitosien onthou.

# KENNISGEWINGS

### VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE NOMMER T1268/2015** geregistreer in die naam van **CHRISTINA MAGDALENA CLAASEN, Identiteitsnommer 430228 0023 08 2; SUSANNA SUSARA RETIEF, Identiteitsnommer 640225 0161 08 2 en GABRIEL JOHANNES CLAASEN, Identiteitsnommer 660726 5070 08 2** ten aansien van **Erf 596 Petrus Steyn, distrik Lindley, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
GEDATEER te BLOEMFONTEIN op hede die 1ste dag van APRIL 2022.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/E05060**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**POSBUS 2104**
**BLOEMFONTEIN, 9300**
**E-POS ADRES: bloemwess@internext.co.za**
**KONTAKNOMMER: 051 436 1209**

### NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF THE DEEDS REGISTRIES ACT IN TERMS OF A LOST TITLE DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act 47 of 1937 of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER T9336/2009** passed by:
**KOJOCO PROPERTIES CC**
**REGISTRATION NO. 1995/020002/23**
in favour of
**CORNELIUS JOHANNES VAN DER WALT**
**Identity Number 621219 5267 088**
**Married out of community of property**
in respect of
**PORTION 20 (OF 10) OF THE FARM KNOPPIESFONTEIN 94, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREESTATE**
**In Extent 10,0007 (Ten Comma Zero Zero Zero Seven) Hectares held by Deed of Transfer Number T9336/2009**
which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from date of publication of this notice.
Dated at Vanderbijlpark on this 31st day of March 2022.
**CONVEYANCER**
**MINETTE FOORD (LPCM 51571)**
**JACO HILL & PIET VOGES ATTORNEYS**
**5 ROSSINI BOULEVARD**
**VANDERBIJLPARK 1911**

Form JJJ

### LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**DEED OF TRANSFER NR. T6040/1995** passed by
**THE MASTER'S REPRESENTATIVE IN THE ESTATE OF**
**THE LATE ANDRIES DANIEL KRUGER**
**NUMBER: 2954/93** duly authorized by Section 18(3) of the Administration of Estates Act of Number 66/1965
in favour of
**MARIA ELIZABETH VAN TONDER,**
Identity number: 421225 0078 08 3
unmarried in respect of
**ERF 342, HEILBRON, district HEILBRON**
**FREE STATE PROVINCE,**
**MEASURING: 1 160 (One Thousand One Hundred and Sixty) Square Metres**
**HELD BY DEED OF TRANSFER T6040/1995**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 6th day of April 2022.
**APPLICANT: PP VAN DER MERWE**
**VAN DER MERWE & PARTNERS INC.**
**ADDRESS: 47 ELS STREET, P.O. BOX 58, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: merlaw@phillaw.co.za**
**TEL: 058 852 2041**

## BIBLIOTEEK OOP

*Piercestraat 66 • Heilbron*

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE • DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
Muller Draaiwerke
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**CORNELIUS & VENNOTE INGELYF KOPPIES**
Benodig die dienste van 'n
**ONTVANGSDAME**
Met Rekenaarvaardigheid, tik, algemene ontvangs & sekretariële ondervinding vir diensaanvaarding so spoedig moontlik.
Stuur volledige CV's vir aandag AA Schutte Kerkstraat 26a, Koppies
Per faks: (056) 777 2732
Epos: amanda@corven.co.za

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**





Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

**Buy-a-Bale**
**Make Your Own Cash!**
Imported European Quality second hand Coats
overcoats.co.za
**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**
**Overcoats Benoni**
97 Princes Ave.
011 845 4769
**Call SYDNEY now!**
**072 885 1999**
sales@overcoats.co.za
**www.overcoats.co.za**
**WE DELIVER COUNTRY WIDE**
**OVERCOATS**

**POSTNET HEILBRON**
**CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON**
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
PostNet Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za






Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za


# SMALLS

## EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Lida** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


## TE HUUR


**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


**BLOEDSKENK DATUMS - 2022**
**24 Mei**
**26 Julie**
**27 September**
**29 November**
Give blood save life

# HOËRSKOOL WILGERIVIER VS SCHWEIZER-RENEKE



*WILGIE RUGBY IN KZN: Die Eerste Rugbyspan het 'n baie suksesvolle toer na Margate gehad. Die kompetisie was sterk en het die manne waardevolle ondervinding opgedoen. Uitslae is as volg: Verloor Dundee 5 – 49, Verloor Oosterland 5 – 29, Wen Schweizer-Reneke 29 – 0, Wen Port Shepstone 17 – 7. Die spelers sien uit na die seisoen wat voorlê.*

# JA MALHERBE PRIMÊRE SKOOL





*Jané Janse van Rensburg (foto links) en MMajota Dlamini (foto regs), atlete van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn, het tydens die Vrystaatse Atletiekkampioenskappe onderskeidelik 'n sesde plek in hoogspring en 'n vyfde plek in spiesgooi verwerf.*



*Die Bulletjierugbyspan van die JA Malherbe Primere Skool op Petrus Steyn het onlangs onoorwonne uitgetree tydens hulle wedstryde by die Bieliemielie-fees. Hulle afrigter is mnr Bokkie Bosman, die skoolhoof.*











# HEILBRON KRIEKET EINDIG 5DE IN T20 GAUTENG 2DE LIGAREEKS

Ongelukkig het 7 wedstryde uitgereën en het dit veroorsaak dat nie meer punte aangeteken kon word om hoër op punteleer te eindig nie.

Die klub wil graag die toeskouers bedank vir hulle ondersteuning deur die reeks. Die Dorpspan begin nou met 'n projek waar die nette van die Hoërskool Heilbron se krieketveld oorgedoen word asook 2 groot kolwerskerms opgerig gaan word by die veld. Enige hulp of donasies sal baie waardeer word. Kontak gerus vir Pieter Baan by 079 931 1092 indien u enige bydrae wil lewer.



2nd League log standing

| Club | Played | Won | Lost | Drawn | Points |
|---|---|---|---|---|---|
| Meyerton CC 2nd | 16 | 13 | 0 | 3 | 71 |
| Route 66 CC 2nd | 16 | 9 | 2 | 5 | 55 |
| Sasolburg CC 2nd | 16 | 9 | 4 | 3 | 51 |
| Vereeniging CC 2nd | 16 | 6 | 5 | 5 | 40 |
| Heilbron CC | 16 | 5 | 4 | 7 | 39 |
| Vanderbijlpark CC 2nd | 16 | 5 | 5 | 6 | 37 |
| Old Vaal CC 2nd | 16 | 3 | 9 | 4 | 23 |
| Rust ter Vaal CC | 16 | 2 | 9 | 5 | 20 |
| Sharpville CC | 16 | 0 | 14 | 2 | 4 |

| Player | Games | Innings | Runs | Not_Out | Average | Highest | 50's | 100's |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Rudi Bruwer | 9 | 9 | 303 | 2 | 43,28 | 109 | 1 | 1 |
| Rao Ali | 8 | 6 | 119 | 0 | 19,83 | 95 | 1 | 0 |
| Irfan Arshad | 7 | 7 | 104 | 1 | 17,33 | 46 | 0 | 0 |
| Armand Smith | 5 | 5 | 93 | 1 | 23,25 | 28 | 0 | 0 |
| Pieter Baan | 8 | 5 | 53 | 1 | 13,25 | 28 | 0 | 0 |
| Renier Schoeman | 5 | 4 | 47 | 1 | 15,66 | 43 | 0 | 0 |
| Juandre Earle | 7 | 5 | 21 | 1 | 5,25 | 12 | 0 | 0 |
| Anthony Best | 5 | 4 | 14 | 1 | 4,66 | 9 | 0 | 0 |
| Morne De Wit | 5 | 4 | 10 | 0 | 2,5 | 5 | 0 | 0 |
| Theuns Botha | 7 | 4 | 5 | 2 | 2,5 | 4 | 0 | 0 |
| Rudi Bruwer Jnr | 5 | 3 | 3 | 2 | 3 | 3 | 0 | 0 |
| Peet Saayman | 4 | 2 | 3 | 0 | 1,5 | 2 | 0 | 0 |

Bowling

| Bowler | Games Bowled | Overs | Runs Off | Wickets | Strike Rate | Average | RPO | 5 Wicket Haul |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Armand Smith | 4 | 16 | 57 | 9 | 10,66 | 6,33 | 3,56 | 0 |
| Rudi Bruwer | 6 | 23 | 154 | 9 | 15,33 | 17,11 | 6,69 | 0 |
| Theuns Botha | 5 | 19 | 164 | 7 | 16,28 | 23,42 | 8,63 | 0 |
| Pieter Baan | 6 | 19 | 164 | 5 | 22,8 | 32,8 | 8,63 | 0 |
| Rudi Bruwer Jnr | 4 | 4 | 36 | 3 | 8 | 12 | 9 | 0 |
| Irfan Arshad | 1 | 4 | 40 | 2 | 12 | 20 | 10 | 0 |
| Renier Schoeman | 2 | 3 | 24 | 1 | 18 | 24 | 8 | 0 |
| Lourens Williers | 2 | 3 | 34 | 1 | 18 | 34 | 11,33 | 0 |
| Morne De Wit | 3 | 4 | 34 | 0 | 0 | 0 | 8,5 | 0 |
| Juandre Earle | 4 | 4 | 35 | 0 | 0 | 0 | 8,75 | 0 |
| Anthony Best | 4 | 5 | 53 | 0 | 0 | 0 | 10,6 | 0 |

# RIEMLAND OPE PRYSSKIET KENNISGEWING

Alle lede word ingelig van 'n Ope Prysskiet en spanskietdag op Saterdag 9 April.

Bring alle vriende saam. Inskrywings van vroeg tot en met 11 uur.

Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. 5 Skote jaggeweer, 10 skote handwapen, 10 skote .22 en 5 kleie. Tellings geskiet tel ook vir spanskiet. Verversings sal ook weer beskikbaar wees. Bring 'n paar ekstra rondtes saam vir gong skiet na die tyd.

**JAARPROGRAM : 2022**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 09 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 23 APRIL | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 7 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 21 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 4 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 09 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |

# Be active physically

• **Heilbron Clinic**

Everyone needs regular physical activity. Along with a positive attitude and a healthy diet, your fitness level plays a major role in how well you feel, what illnesses you avoid, and how much you enjoy life. Regular physical activity:

- Lowers your risk of premature death and death caused by heart disease.
- Reduces your risk of developing diabetes, high blood pressure, colon cancer, and osteoporosis.
- Helps lower high cholesterol and blood pressure levels.
- Improves your mood, relieves stress, and promotes a sense of well-being.
- Helps build and maintain healthy bones, muscles, and joints.
- Helps you maintain a healthy body weight.

If you already make regular physial activity a part of your life, keep up the good work. If you aren't physically active, there is good news. The latest research shows that exercise doesn't have to be vigorous to improve your health.

Along with a positive attitude and a healthy diet, your fitness level plays a major role in how well you feel, what illnesses you avoid and your flexibility.

**Eat Right**

How and what you choose to eat affects many aspects of your health. Your diet plays an important role in helping you:

- Meet your nutritional needs and maintain a healthy weight.
- Have regular bowel movements.
- Prevent diseases such as heart disease, diabetes, and certain cancers.
- Treat diseases such as diabetes and high blood pressure.

Another important aspect of your diet is how carefully you prepare and handle foods. You need good food preparation and food handling habits in order to avoid food-borne illnesses.

# KENNISGEWING

**SLOOTKRAAL- & GOTTENBURG BRANDBESKEMINGS-VERENIGING**

Neem kennis van die jaarvergadering van Slootkraal- & Gottenburg Brandbeskermingsverenigingvergadering wat gehou sal word.

**DATUM:** 20 April 2022 **TYD:** 14:00
**PLEK:** Boeresaal by Heilbron Gholfklub

Belangrike besluite moet geneem word rakende die bestuur, koördinering en adminstrasie.

***Navrae: Elsabé Engelbrecht 082 308 6797***
***Marais Breytenbach 079 874 8849***

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

*Lida Pretorius*

Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za


# Winkelure

**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00

**VRYDAE:**
07:30 - 16:30

**SATERDAE:**
08:30 - 13:00

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


## VEGKOP SLAGVELD MPY

Posbus 576, Heilbron, 9650
Sel: 083 306 0357
E-Pos: vegkopslagveld@gmail.com
GPS: 27°28′ 42.00″ S
27° 54′ 48.00″ E
www.vegkopslagveld.co.za



# BETREKKING

**FAKTOTUM / KURATOR - VEGKOP SLAGVELDTERREIN HEILBRON**

**Die Direksie van Vegkop Slagveld is op soek na 'n suksesvolle kandidaat om bogemelde interessante en uitdagende vakature te vul.**

**Die suksevolle kandidaat moet oor die volgende eienskappe beskik:**

- Betroubaar / eerlik / dinamies en moet Christelike waardes uitleef
- Tegnies vaardig itv. algemene onderhoud
- Moet stiptelik wees & onafhanklik kan werk
- Afrikaans & Engels magtig wees. (Sotho sal 'n sterk aanbeveling wees)
- Moet 'n passie hê vir ons Afrikaner volksgeskiedenis en die bewaring daarvan.
- Uitstaande kommunikasie- en mensvaardighede
- Graad 12 kwalifikasie sal 'n sterk aanbeveling wees
- Ondervinding in die bestuur van 'n vakansieterrein sal 'n sterk aanbeveling wees.

**Ons bied:**

- 'n Mededingende vergoedingspakket
- Gratis behuising, krag en water afhangend van persoon se vergoedingspakket behoefte. (Permanente inwoning op terrein is 'n vereiste – huis is op terrein)
- Aangename onafhanklike plaasverblyf atmosfeer. Die terrein is 20km uit Heilbron op 'n 90ha plaas.
- Die moontlikheid bestaan dat die suksesvolle kandidaat 'n klein aantal beeste mag aanhou aangesien hier uitstekende weiding is.

**Aansoeke sluit 14 April 2022.**

Stuur asseblief jou CV voor bogenoemde datum na die volgende e-pos: vegkopslagveld@gmail.com

**Telefoniese navrae:**

- Cornè v/d Merwe selno: 083 306 0357 (Sekretaris)
- Jasper v/d Bijl selno: 082 453 7357 (Voorsitter)

HERALD Sport

# WILGE HENGELKLUB NUUS

## *Volgende kompetisie: 9 April*

Wilge Hengelklub het Saterdag 19 Maart 'n klubkompetisie gehou te Jan Le Grange, Oranjeville. Die klein vis was weer volop deur die dag. Jan Heymans het egter 'n 4.4kg graskarp gevang wat ook sy persoonlike beste is. Die volgende kompetisie vind plaas die 9de April. Vir meer inligting kontak gerus vir GP Rossouw by 082 319 9472 of JD Claassen by 079 691 4184.

**Uitslae van die dag:**

**Seniors:** 1ste - Jan Heymans, 2de - Lotie van Wyk, 3de - Armandt Smit.

**Juniors:** 1 ste - Rebecca Smit, 2de - Rachel Smit.




# KOM SPEEL ROLBAL

Spelers wat lanklaas 'n draai gemaak het by die Heilbron Rolbalklub, sal verras wees om al die verbeteringe te sien wat plaasgevind het. Die Klub het ook 'n splinternuwe voorsitter. Edward Muller is deur die bestuur verkies as Voorsitter tot die Algemene Jaarvergadering in September in die plek van Gerald Rademeyer wat as gevolg van gesondheidsredes nie meer kon aangaan nie. Saterdag gaan 2 spanne van die klub op Deneysville aan 'n borgdag deelneem. Sterkte vir julle.

Woensdagaand-spel gaan ook voort totdat die ryp ons vang. Trek jou warm baadjie aan en kom geniet sosiale spel vanaf 18:00. Daarna is die vure gereed en jy gooi jou eie vleisie op die kole. Die Klub beplan 'n "Fundag" 16 Junie 2022. Hou die spasie dop!

Christiaan Muller het die Noord-Vrystaat O/20 span verteenwoordig. Hulle het deelgeneem teen ander provinsies van 28 Maart tot 1 April.



*Christiaan Muller*





**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30

**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*

*Tel: 058 853 0006*


Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak

*Lida Pretorius*

Tel: 058 852 3033

heraldnuus@heilbron.co.za








**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 12 APRIL 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

REITZ-LINDLEY-PETRUS STEYN-BETHLEHEM
SONOP BV REUSE VEEVEILING
955 Beeste
11:00, Sonop BV Saal
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**WOENSDAG - 13 APRIL 2022**

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 14 APRIL 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**